2015/04/17
08:46 AM

# Grain SA's Morning Grain Market Commentary

| | DATUM 2015/04/17 | DATUM 2015/04/16 | | | + - WEEK GELEDE 2015/04/07 | | + - MAAND GELEDE 2015/03/17 | | + - JAAR GELEDE 2014/04/15 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | *Data* | Δ | Δ% | *Data* | Δ% | *Data* | Δ% | *Data* | Δ% | *Data* |
| DJIA-indeks | 18106 | -6.84 | 0.0% | 18113 | 1% | 17875 | 1% | 17849 | 11% | 16263 |
| Goud (Spot) | 1197.78 | -4.98 | -0.4% | 1202.76 | -1% | 1210.47 | 4% | 1150.55 | -8% | 1300.01 |
| Brent $/vat | 63.32 | 3.00 | 5.0% | 60.32 | 9% | 58.33 | 19% | 53.37 | -42% | 109.23 |
| 1 €: ? US$ | 1.0775 | 0.009 | 0.9% | 1.0682 | -1% | 1.0844 | 2% | 1.0581 | -22% | 1.3827 |
| 1 US$: ? ZAR | 11.97 | -0.100 | -0.8% | 12.07 | 1% | 11.84 | -3% | 12.36 | 13% | 10.55 |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 1 770.13 | -23 | -1.3% | R 1 793.18 | * CBOT Corn May sent/skepel 08:00 vandag vs CBOT Corn Mar 12:00 die vorige dag | | | | | |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 4 251.80 | -35 | -0.8% | R 4 287.21 | * CBOT Soya May sent/skepel 08:00 vandag vs CBOT Soya Mar 12:00 die vorige dag | | | | | |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 2 162.18 | -31 | -1.4% | R 2 193.48 | * CBOT Wheat May sent/skepel 08:00 vandag vs CBOT Wheat Mar 12:00 die vorige | | | | | |
| **Nuutste CBOT pryse gedurende oornag handel (Opgeneem tussen 6 a.m. tot 07:00 am vs 12:00 pm die vorige handelsdag)** | | | | | | | | | | |
| Corn May 15 | 375.75 | -1.75 | -0.5% | 377.50 | -2% | 383.00 | 1% | 371.00 | -27% | 515.75 |
| Corn Jul 15 | 382.25 | -2.25 | -0.6% | 384.50 | -2% | 391.00 | 1% | 379.00 | -27% | 520.50 |
| Soybean May 15 | 967.00 | 0.00 | 0.0% | 967.00 | 0% | 971.00 | 1% | 954.50 | -22% | 1242.00 |
| Wheat May 15 | 491.75 | -3.00 | -0.6% | 494.75 | -7% | 526.00 | -2% | 503.50 | -34% | 749.00 |
| **Nuutste MTM pryse (Opgeneem tussen 07:00 am - 08:00 am op die laaste twee datums) SPOT = naaste kontrakmaand (Rande / tonne)** | | | | | | | | | | |
| SORGHUM May 15 | 2545 | 0 | 0.0% | 2545 | 3% | 2475 | 3% | 2470 | -7% | 2750 |
| WMAZ Apr 15 | 2553 | 13 | 0.5% | 2540 | 1% | 2525 | -4% | 2662 | -7% | 2757 |
| WMAZ Jul 15 | 2599 | 3 | 0.1% | 2596 | 1% | 2563 | -5% | 2728 | 23% | 2108 |
| YMAZ Apr 15 | 2384 | 14 | 0.6% | 2370 | 1% | 2360 | -4% | 2478 | -4% | 2483 |
| YMAZ Jul 15 | 2368 | 5 | 0.2% | 2363 | 1% | 2347 | -5% | 2481 | 7% | 2210 |
| SOY50 Apr 15 | 4656 | 9 | 0.2% | 4647 | -1% | 4695 | -7% | 5017 | -17% | 5640 |
| SOY May 15 | 4685 | 9 | 0.2% | 4676 | 0% | 4708 | -6% | 4977 | -17% | 5668 |
| SUN Apr 15 | 4760 | -23 | -0.5% | 4783 | -1% | 4808 | -5% | 5000 | 0% | 4749 |
| SUN May 15 | 4760 | -33 | -0.7% | 4793 | -1% | 4815 | -3% | 4930 | 0% | 4780 |
| WHEAT Apr 15 | 3724 | -14 | -0.4% | 3738 | -3% | 3855 | | NA | -5% | 3903 |
| WHEAT Dec 15 | 3740 | 15 | 0.4% | 3725 | -1% | 3785 | | NA | -1% | 3765 |

**NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE**

**Eksterne Mark Faktore**: Die Rand het ietwat (0.5%) teenoor die VSA dollar se vlak van gister versterk. Die versterking van die Rand ondersteun nie plaaslike kommoditeitspryse nie. Die versterking van die Rand was hoofsaaklik te danke aan die verswakking van die VSA dollar, en het vanoggend daarin geslaag om handel te dryf rondom R11.97 teen die dollar. Die berekende in- en uitvoerpariteitsvlakke gebaseer op CBOT pryse (12:00 gister) toon ' n afname van R4 in die mielie uitvoerpariteitsprys, 'n afname van R2 in die sojaboon invoerpariteitsprys en 'n afname van R10 op die koring invoerpariteitsprys.

**Mielies:** Tydens gister se handelsessie, was geelmieliepryse op aan die begin van die sessie, maar die mark is afgedruk teen sluitingstyd as gevolg van verhoogde plaaslike verkope. Beide wit- en geelmieliepryse het positief gesluit teen die vorige dag se prysvlakke. Oor die kort termyn; die plaaslike prysbewegings kan beinvloed word deur die VSA mark, en dit sal moontlik voortgaan tot aan die begin van die plaaslike oestyd. Daar is kommer in die mark oor die grootte van die plaaslike oes. Die laaste Nasionale oesskattingsyfer is 9.67 mil ton.

Op die internasionale front - die verswakte VSA dollar het ondersteuning verskaf aan die Chicago mieliepryse. Die swakker dollar verbeter die bekostigbaarheid van dollar-gebaseerde uitvoere, en maak dit meer bekostigbaar vir kopers in ander geldeenhede. Met betrekking tot aanplantings - nat weer in die suidelike en oostelike dele van die VSA vertraag mielie-aanplantings. Verwagte reën in die Weste oor die naweek sal waarskynlik mielie-ontkieming verbeter. Amerikaanse weeklikse uitvoere is aangemeld teen 588 200 ton (ou seisoen oes), en 28 500 ton (nuwe seisoen oes);als binne mark verwagtinge.

**Koring:** VSA koringpryse het ondersteuning van die swak dollar ontvang. Die VSA koring prys stygings is oorskadu deur natter weervoorspelling vir die harde rooi winterkoring gebiede in die suide van die land. VSA weeklikse koring uitvoersyfers is aangemeld op 47 900 ton, die laagste in 2014/15 oes. Die Amerikaanse produsente het hierdie syfer beskou as teleurstellend na koring kopers toenemend na die mark teruggekeer het. Gister het ons berig oor belangstelling van Jordanië en Irak om te koop, en dit is gevolg deur verslae dat Sirië ook terug in die mark is op soek na koring.

**Sojabone:** Internasionale sojaboonpryse was vanoggend hoër en word ondersteun deur 'n swakker VSA dollar, gekoppel aan 'n hoë weeklikse uitvoer verkoop syfer. Die VSA weeklikse uitvoer verkoop syfer is berig op 312 600 ton vir 2014/15. Op 'n negatiewe noot (bearish) - stadige VSA mielie-aanplantings kan hierdie jaar ekstra sojaboonverbouing tot gevolg hê, indien die produsente hektare omskakel na oliesade, wat 'n ietwat later saai vensterperiode het.

**Vir enige navrae, kontak asb** Wandile Sihlobo, Email: *wandile.sihlobo@grainsa.co.za*

**Plaaslike Mark Insigte & Data:** *www.grainsa.co.za*

**Internasionale Mark Insigte & Data :** *US Crop Progress: 20/04/2015*

The information herein has been obtained from various sources, the accuracy and/or completeness of which Grain SA does not guarantee and for which Grain SA accepts no liability.